Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 8 Mei 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel.

Lees: Gal 5: 1, 16-18 en Mat 11: 25 – Mat 12: 8.

Fokus: Mat 11: 28-30.

Wandel deur die Gees: neem Jesus se juk op en leer van Hom.

Omgee:

- Hendrik Fritz is in Garden City hospitaal na ‘n operasie en sy toestand is kritiek.
- Dit gaan baie beter met Cara Palmer (dogter van Martiens en Hannelie) en sy reageer goed op die behandeling.
- Chatye Rensburg is met borskanker gediagnoseer.
- Herman Coetzee en Susan van Heerden het op 1 Mei verloof geraak en trou DV in Augustus. Baie geluk!

Offergawes:◊

Offergawes: ‘D’ gemerk: vir behoeftiges.
Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☼

- **Aanderediens** vanaand om 17:30.
- **Ds Stephan se kategesegroep** kom vanmiddag om 17:00 in die kuierkamer bymekaar.
- Ons volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **20-22 Mei** by Bergbron. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- Die **begrafnisdiensgroep** het 7 van hul wit tafeldoeke teruggekry, maar geen appelkooskleur overlays nie. Johanna de Klerk sê dankie en die plan is om die overlays te vervang. Donasies om materiaal aan te koop is welkom.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** is dit Groep 3, Sue, Elize en Kinnie se beurt. Volgende Sondag skink Groep 4, Martie, Welna en Michelle.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Gebed: Teen die Gety

Gedeeltes aangehaal uit die boek , Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Stap 3 : Jy is God se verteenwoordiger deel 1

Een van die belangrikste vrae wat ons as lidmate ons moet afvra, is: Waarom het God die mens geskep? Parker, wat die Parker- pen ontwerp het, het 'n skeppingsdoel vir sy pen in gedagte gehad: Hy wou daarmee skryf. Toe God geskep het , het Hy 'n skeppingsdoel vir die mens gehad. Bennie skryf : "*Vir jare het ek geworstel met die vraag: Waarom is ek hier? Wat verwag God van my? Wat is God se doel met my en met die mense rondom my. Dit was eers toe ek duidelike antwoorde op hierdie vrae begin vind het, dat die lewe vir my begin sin maak het.*" Hierdie en die daaropvolgende stappe handel primêr oor die vraag: Wat is my bestaansdoel en hoe leef ek as ek weet wat my bestaansdoel is? Om dit te verstaan moet ons eers twee tree terug gee sodat ons groter perspektief kan kry. –

1. Van God tot grond.

In die begin het mense God die Skepper aanbid, maar dit het gedegradeer tot 'n toestand waar mense vandag dooie materie aanbid wat deur God die Skepper geskep is. Ons konsentreer in hierdie reeks op die **vraag**: Wat is God se skeppingsdoel met my as lidmaat? Anders gestel: *Wat verwag God van my en jou as lidmaat*?

1. Noudat ons tot bekering gekom het **en** 2. ons elkeen 'n spesiale geskenk ontvang het.? Gaan ons 'n plek soek in die Gemeente om hierdie gawes in werking te stel?

2. Die mens as verteenwoordiger van God.

God se bedoeling met die mens was en is dat die mens God se verteenwoordiger op aarde moet wees. Sien Gen.1:26-27. Hierdie verteenwoordiger van God het 'n dubbele opdrag. 1. Verteenwoordiger **by mense** en en **teenoor** die ganse skepping verteenwoordig. 2. Die mens en die skepping **voor** God verteenwoordig.

3. Hoe lyk hierdie verteenwoordiger wat God gemaak het ?

Hoe lyk die verteenwoordiger wat God oor die aarde aangestel het ? Lees Gen.1:26. Die Hebreeuse woord vir *verteenwoordigers* is "**tselem**" en vertaal word met **illusie, beeld, dit kom ooreen**.

God het vir Homself 'n verteenwoordiger geskep wat die illusie skep dat die persoon soos God lyk!

Wanneer die skepping na Adam sou kyk, moes hy (die mens) hulle aan God herinner. Wanneer iemand vir Adam die (die mens) sien, sou so 'n persoon kon uitroep: "Vir 'n oomblik het ek gedink ek sien vir God, maar dit is slegs *Adam, God se verteenwoordiger*" Dit was iets van God se bedoeling toe Hy die mens gemaak het. Kyk verder na Genesis 1:26 ..... Wanneer God die mens na Sy beeld skep, skep Hy iemand wat minstens in sommige opsigte met Hom vergelyk kan word. Lees ook Ps. 8:6

Klip in die Bos:

As verteenwoordigers van God aan wie God gesag gegee het, is ons veronderstel om in beheer te wees van die aarde wat God aan ons toevertrou het.
Glo jy dit?

Het jy al jou plek ontdek?

Die Lewende Woord vir jou vandag 📖

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Gal 5: 1, 16-18 en Mat 11: 25 – Mat 12: 8.
Fokus: Mat 11: 28-30.

Wandel deur die Gees: neem Jesus se juk op en leer van Hom.

1. Die betekenis van Jesus se juk.

- Alle mense word gebore onder die juk van die wet wat ons moet nakom voor God.
- Christus bevry ons van die vloek en las van die wet deur dit in ons plek volkome te onderhou en vir ons oortredings van die wet te betaal aan die kruis.
- Christus plaas alleenlik die een verpligting op ons: Glo werklik in Hom as die Verlosser en Here van jou lewe.

2.Die gevolge van Christus se juk in jou lewe.

- Met geloof in Christus is sy Woord aan ons nie beperkend nie maar beskermend.
- Jesus nooi ons uit tot 'n rustige lewe in harmonie met Hom. 'n Lewe wat geken word aan vrugte van die Gees.
- As die juk van Jesus jou skaaf en seermaak, leer dan meer van Jesus in gebed.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Wat het "juk" beteken volgens die Joodse godsdienstige leiers?
- Wat beteken Jesus se "juk"?
- Hoe verander geloof in Christus die betekenis van die Woord in ons lewens?
- Hoe weet jy dat die "juk" van Jesus jou skaaf en seermaak (Gal 5: 19-21)? Wat moet jy dan doen (Rom 8: 15)?

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

10/05	MICHELLE OLIVIER	076 049 7791
14/05	CHRIS VAN DE VYVER	082 715 8301

Mag die Here jou oorvloedig seën

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Baie dankie

- Baie dankie aan die lidmate wat help met die oop- en toesluit van die kerkgebou en saal, veral tydens die week, terwyl Oom Hendrik siek is. Sê asseblief vir Pieter de Klerk as jy 'n handjie kan bysit hiermee. Neels, Arnold, Arthur, Pieter en Carel – ons waardeer!
- Baie dankie aan Neels Beyleveldt se regterhand, Mandla, wat die kerkterrein weer die afgelope week deeglik opgeruim het.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.